



**SAOU**

**Noord-Kaap • Northern Cape**

Posbus 110156 Hadisonpark 8306

E-pos: [saouk@saou.co.za](mailto:saouk@saou.co.za)

☎ 053 832 2727

Faks 053 832 2460

***SPLINTERNUUS***

10 April 2015

No: 6 van 2015

## **WELKOM TERUG**

Baie welkom terug aan almal wat die afgelope tyd 'n bietjie uitgespan het. Vir die meeste van u was die vakansie seker net-net langer as 'n gedagte, maar ons vertrou dat u uitgerus is en weer kans sien vir die kwartaal wat voorlê.

## **BEMAGTIGING VAN LEDE DEUR DIE SAOU**

By die beplanning van die bemagtigingsessies in die provinsie word 'n hele aantal faktore in gedagte gehou. Enkeles word hieronder vermeld:

1. Die beskikbaarheid van die aanbieders vanuit die nasionale kantoor – hulle bedien al die provinsies en dit moet ook in die beplanning verreken word.
2. Die SAOU Noord-Kaap se program. Die Provinsiale Sekretaris en Vakbondvertegenwoordigers moet verskeie vergaderings van die provinsiale kamer van die RAVO en NKOD bywoon.
3. Die roete moet verkieslik ook op Kimberley en/of Upington begin en eindig ter wille van vlugte vir sprekers, die behoefte om die opleiding so ver moontlik deur die provinsie te versprei, ens.

Dit is dus moeilik om altyd individuele skole, die departement en ander instellings se programme ook nog in ag te neem.

Die SAOU (Noord-Kaap) het vanjaar ook minder geld vir opleiding in die provinsie as verlede jaar van die Kaapland Onderwysrust ontvang en is dus verplig om 'n registrasiefooi te hef ten einde die kostes te delg. Ons het dit so bekostigbaar as moontlik gemaak: R50 vir lede en R90 vir nie-lede.

## **REGISTRASIE VIR BEMAGTIGING**

Registrasie vir alle opleiding wat die SAOU aanbied word vanaf 2015 elektronies gedoen. Lede en nie-lede kan dit op die webwerf doen ([www.saou.co.za](http://www.saou.co.za)) of deur te klik op die skakel wat by die program aanbring is. **Let asseblief op die sluitingsdatums.** Registrasie sluit outomaties op die sluitingsdatums wat aangebring is.

Indien lede op verafgeleë plekke dit moeilik vind om elektronies te registreer, moet hulle asseblief die kantoor skakel (053 832 2727). Ons sal u dan help om te registreer.

**LEERHINDERNISSE VAN LEERDERS – DIE IMPAK DAARVAN OP  
KLASONDERRIG. AANBIEDER: MEV. BABETTE LE ROUX**

Mei 4 Laerskool De Aar, De Aar. Sluitingsdatum: 30 April 2015

Kliek op die skakel: <http://saou.invitemanager.co.za/RSVP.aspx?evid=91>

Mei 5 Laerskool Op die Voorpos, Upington. Sluitingsdatum: 30 April 2015

Kliek op die skakel: <http://saou.invitemanager.co.za/RSVP.aspx?evid=92>

Mei 6 Laerskool Seodin, Kuruman. Sluitingsdatum: 30 April 2015

Kliek op die skakel: <http://saou.invitemanager.co.za/RSVP.aspx?evid=93>

Mei 7 Hoërskool Diamantveld, Kimberley. Sluitingsdatum: 30 April 2015

Kliek op die skakel: <http://saou.invitemanager.co.za/RSVP.aspx?evid=94>

Die kantoor is besig om by die distrikshoofde toestemming te kry sodat lede wat moet reis om die bemagtiging by te woon, vroeër van hul skole mag verdaag. ("Time-off"). Die toestemmingsbriewe sal aan lede wat ingeskryf het, gestuur word sodat hulle dit aan hul skoolhoofde kan oorhandig..

**KEN JOU KORREKTE ROETES. AANBIEDER: ADV. KINNY LABUSCHAGNE**

- **Rapportering van leerders wat mishandel word**
- **Grief en dispuutroetes**
- **As 'n leerder 'n onderwyser beledig/aanrand**
- **Stappe as ongewenste materiaal elektronies ontvang word of op personeellid se FB verskyn.**

Teken solank die volgende datums aan:

Augustus 3 Hoërskool Noord-Kaap, Kimberley

Augustus 4 Laerskool Calvinia, Calvinia

Augustus 5 Hoërskool Namakwaland, Springbok

Augustus 6 Voorbereidingskool Fanie Malan, Upington

Die skakels vir inskrywings sal met 'n volgende Splinternuus verskaf word.

**'N LAASTE GEDAGTE**

